# Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 2

> *Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos ’n aangename geur. (vers 14)*

Wanneer ’n Romeinse generaal destyds as oorwinnaar van ‘n

veldtog af terugkeer, was dit die gebruik dat hy ’n triomftog deur die strate van Rome, en ook van sy eie stad, hou. Saam met hom was die stadsvaders, die priesters, ’n hele orkes, sy soldate, en ook die krygsgevangenes. Musiek het deur die hele stad weerklink, en dan was die stad se lug ook gevul met die soet geur van wierook. Niemand in die stad moes onkundig bly oor die roemryke oorwinning van die groot generaal nie.
Só, sê Paulus, trek Christus ná Golgota op ’n segetog deur die wêreld. God wil hê die hele wêreld moet in Christus se oorwinning deel. Nie net ’n handvol dissipels nie.
God werk deur mense. Daarom sê vers 14-15: “Deur ons versprei Hy die kennis van Christus … Ons is die wierook …” Deur óns.
As mense na jou kyk, sal hulle dan die lieflike geur van Jesus se oorwinning bespeur? Sal hulle iets van die opgewondenheid dat Jesus Here is, in jou lewe bemerk?


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026